

SELFMOORD

Wat van die Christen?

deur Isak Burger

Selfmoord is uniek aan die mens, homo sapiens. Alhoewel sommige diere soos sekere soorte walvisse oënskynlik by tye selfmoord pleeg deur op die strand uit te swem, is dit nie 'n beplande wilsdaad nie, maar eerder een of ander verwarring wat biologies verklaar kan word. Omdat selfmoord 'n keuse is, 'n wilsdaad, kan jy slegs by die mens as morele wese, werklik van selfmoord praat.

Alhoewel statistieke oor selfmoord nie gereidelik bekombaar is nie, blyk dit dat daar jaarliks ongeveer 'n miljoen selfmoorde ter wêreld is – een elke 40 sekondes. Oor die laaste 45 jaar het selfmoord met 60% toegeneem. Wêreldwyd is die selfmoordsyfer 16 per 100,000. In SA is dié syfer 17.2 per 100,000.

Vir elke selfmoord is daar tot 20 pogings tot selfmoord. Tot soveel as 50% van mense wat uiteindelik selfmoord pleeg, het vantevore reeds pogings daartoe aangewend. Daar is meer vroue wat selfmoord probeer pleeg as mans, alhoewel meer mans as vroue “suksesvol” is.

Min mense is nog nie deur selfmoord geraak nie. Een persoon se selfmoord kan honderde mense se lewens beïnvloed. Rom.14:7 sê: “Niemand leef vir homself en niemand sterf vir homself nie.”

In die Bybel vind ons enkele gevalle van selfmoord. Van die bekendste is dié van Simson. In sy geval was sy selfmoord 'n heldedaad. Dan is daar koning Saul, vir wie dit 'n saak van eer was, eerder as om in die hand van sy vyande te val – amper soos met die geval van Masáda, waar 960 Jode eerder selfmoord gepleeg het as om slawe van die Romeine te word. In die geval van Judas was dit 'n daad van desperaatheid na sy ondenkbare daad om die Messias te verloën.

Wat dra by dat 'n mens by dié punt kom om hierdie onherroeplike daad te pleeg wat so onnatuurlik is en teen sy sterkste basiese drang, die drang om te oorleef, indruis? Daar is 'n verskeidenheid faktore wat 'n mens op daardie plek bring waar die dood verkiesliker as die lewe word. In meeste gevalle, meer as 90%, geskied dié daad in 'n toestand van depressie. Daar kan ook psigiese of geestesversteurings wees wat daartoe bydra. Die invloed van drank en ander dwelmmiddels kan ook 'n rol speel.

Sosiale en ekonomiese faktore kan ook 'n faktor wees. Daar is sekere tye dat selfmoord méér onder sekere sosiale groeperinge kan voorkom a.g.v. neerdrukkende omstandighede. So bv. het selfmoord tydens die vorige eeu se twee wêreldoorloë afgeneem omdat daar voldoende werkseleenthede was terwyl dit toegeneem het tydens die depressie jare a.g.v. werkloosheid. Ernstige siektetoestande kan ook 'n toestand van depressie in die hand werk. Daar is talle voorbeelde waar mense selfmoord gepleeg het terwyl hulle in die greep van 'n ongeneeslike of vernederende siekte verkeer het.

Daar is ook gevalle bekend waar mense wat onder 'n spesifieke demoniese mag verkeer het – soos bv. persone wat uit die web van satanisme probeer kom het, en uit desperaatheid selfmoord gepleeg het. Terwyl Satan indirek verantwoordelik is vir alle leed en gebrokenheid op aarde, sou dit egter onverantwoordelik wees om depressie en selfmoord sommer lukraak aan 'n demoniese aktiwiteit toe te skryf.

Dit is 'n feit dat sekere vorme van depressie 'n fisiologiese oorsaak het en dat hierdie toestand geneties oorgedra kan word. Daarom kan dit gebeur dat daar 'n hoër voorkoms van selfmoord in sekere families kan wees. Dit beteken egter nie dat mense uit 'n familie met 'n geskiedenis van selfmoord noodwendig so 'n geneigdheid sal hê nie. Dit beteken net dat die kanse daartoe groter is. Enigiemand, uit enige familie, kan egter in so 'n krisis kom. Inderdaad kom selfmoord onder elke groepering van die samelewing voor. In tronke, by beroendes, by armes, in rykmanshuise, by bejaardes, onder kinders.

Die voorkoms van depressie onder kinders en jongmense veral, het oor die laaste paar jaar sorgwekkende afmetings aangeneem. Kinders onder 11jr besef nie altyd dat selfmoord 'n onomkeerbare daad is nie. Dit kan wees dat 'n familielid selfmoord gepleeg het en dat hulle dit as vorm van ontvlugting sien. Soms is dit 'n (wrede) manier om iemand (bv. 'n ouer) te straf omdat hulle erg verontreg voel.

Alle navorsing dui daarop dat die hoofrede vir die toename in tienerselfmoord die verbokkeling van die gesinslewe is. In die meeste gevalle van selfmoord onder jongmense, is daar sprake van disfunksionele gesinne. Die ontwrigtende, verwarrende effek van disharmonie in die huis en van egskending, kan moeilik oorskat word.

Ander faktore kan die gebruik van dwelmmiddels, die druk van portuurgroepe, akademiese mislukking en liefdesteleurstellings wees. By jeudiges pleeg meisies meer selfmoord as seuns – waarskynlik omdat hulle liefdesteleurstellings meer intens as seuns beleef.

Die vraag wat sonder uitsondering dan deur die naasbestaendes gevra word, is: Wat gebeur met iemand wat selfmoord pleeg? Is so 'n persoon verlore? Die vraag word nog meer dringend as die persoon self 'n gelowige was. En ja, natuurlik kom dit ook voor onder gelowiges!

Ek is oortuig dat die daad van selfmoord as sodanig 'n mens nie verlore laat gaan nie. Met hierdie stelling praat ek op geen manier selfmoord goed nie. Die primêre vraag is nie die manier waarop die persoon gesterf het nie, maar sy/haar verhouding met die Here vóór die dood - m.a.w, was die persoon 'n gelowige, 'n kind van die Here? Dit is een van die hartseer realiteite van die lewe dat gelowige mense ook soms hierdie radikale en onomkeerbare daad pleeg. Selfs hierdie vreeslike gebeurtenis kan die geredde egter nie uit die hand van die Here ruk nie!

Laat ek die redes vir my standpunt gee:

Soos reeds genoem, pleeg die meeste mense selfmoord temidde van die donker nag van depressie. Wie nie die swart nag van depressie ken, of tenminste al iets daarvan beleef het nie, sal dit dalk nie verstaan

nie. Weliswaar kan dit nooit as regverdiging of verskoning gebruik word nie, maar dit bring sekerlik 'n groot mate van begrip.

Luister net na die woorde van Elia, die bekende profeet, wat na alle waarskynlikheid ook met depressie te make gehad het: "Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: "Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie." (1Kon.19:4-NV.) Ja, depressie vat jou die woestyn in, laat jou onder 'n besembos sit en wens dat jy kan sterwe.

Daar is aanduidings dat ander groot Bybelfigure soos Job en Dawid ook met depressie geworstel het. Weliswaar het hulle nie hul hand aan hulle eie lewens geslaan nie, maar hulle het altwee, soos Elia, by geleentheid die dood begeer.

Vir die mens in depressie het die dood meer verkieslik as die lewe geword, die sterwensdrang groter as die lewensdrang. 'n Gebrek aan begrip en ondersteuning, is dikwels die laaste strooi wat die kameel se rug breek. Inderdaad was daar in die verlede nie altyd die nodige begrip vir hulle wat met hierdie ongenadige siekte worstel nie. Ek moet erken dat ek tydens die vroeër jare van my bediening self nie altyd die nodige deernis vir diegene gehad het nie – totdat ek op 'n stadium self so 'n ligte aanmaning van depressie beleef het wat vir my veel meer begrip gebring het.

Wat kan 'n mens oor selfmoord sê? Is dit verkeerd? Ja, sekerlik. Is so iemand swak? Ja. Na alle waarskynlikheid het so 'n persoon 'n laagtepunt in hulle gees, emosies en geloof bereik. Faal so 'n persoon? Ja. Rom.14:7 sê: "Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie." Beide jou lewe en jou dood raak ander mense. Selfmoord mag vir die persoon in daardie toestand laat voel dat sy/haar probleem so opgelos sal word. Inderwaarheid skep dit meer probleme en smart vir hulle wat agterbly en bring dikwels oneindige skuldgevoelens oor die persone naaste aan die oorledene. Het so 'n persoon gesondig? Ja sekerlik! Selfmoord is moord – op jouself. Dit is 'n vergrype aan dit wat aan God behoort - lewe. Is dit die onvergeeflike sonde? Nee! U mag sê: Maar wat as die persoon se laaste sonde moord is en hy/sy sterf sonder om daarvoor om vergifnis te kon vra?

Hierop wil ek twee dinge sê: Eerstens weet niemand wat in die sterwensoomblikke tussen so 'n mens en sy/haar Skepper gebeur nie. Tweedens wil ek dit duidelik stel dat 'n mens nie per se hel toe gaan omdat jy gesondig het en hemel toe omdat jy nie gesondig het nie. As dit die geval was, moet 'n mens net so lank as moontlik voor jy sterf, poog om nie te sondig nie! Nee! 'n Mens gaan hemel toe omdat Christus aan die kruis vir ons gesterf het en ek deur Sy genade alleen aanvaar het dat Hy ook in my plek gesterf het. Ek gaan nie hel toe bloot omdat ek gesondig het nie – selfs in die laaste oomblikke van my lewe nie. Ek gaan hel toe as ek nie hierdie groot en genadige offer van God se liefde aanvaar het nie.

Hy is 'n GENADIGE GOD! Wie weet en verstaan beter as Hy die broosheid en swakheid van een van Sy kinders wat tydens so 'n emosionele en geestelike laagtepunt nie meer kans sien om aan te gaan nie! Ek glo Sy genade is groter as sonde in swakheid begaan.

Die groot teoloog van die vorige eeu, Karel Barth, het iets veelseggend oor selfmoord en sonde gesê. Hy het gesê dat die sonde wat God die meeste haat, die grootste sonde, die sonde van hoogmoed is – dit was immers die heel eerste sonde as gevolg waarvan Satan uit die hemel gewerp is. Hy sê die sonde wat die verste van hoogmoed verwyder is, is selfmoord, want 'n mens wat selfmoord pleeg, is op 'n algehele laagtepunt. By so 'n mens is daar geen eiewaan of hoogmoed meer oor nie. 'n Arrogante mens wat vol is van hom/haarself, sal nie selfmoord pleeg nie. Ja, selfmoord is sonde, maar in die oë van die Here is dit dalk nie so groot as dié van hoogmoed nie – al is die gevolge daarvan veel ingrypender.

Indien jy dalk iemand is wat selfmoord oorweeg – asseblief, moet dit nie as 'n opsie sien nie! Dit is nié God se wil vir jou lewe nie! En indien jy dalk iemand op dié manier verloor het, dink na oor dit wat ek hierbo gesê het. En mag daar vir jou troos en rus wees wanneer jy aan God se groot genade dink.